BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

Elke BabaGim baba is werklik ‘n suksesstorie

Hanri van Niekerk

Met die teoretiese gedeelte van die BabaGim-opleiding het Lizette Labuschagne (die Gevorderde Instrukteur wat my opgelei het) aan ons genoem dat elke baba wat BabaGim doen ‘n suksesstorie sal wees. Ek moet bieg- ek was ‘n bietjie skepties gewees!

Die waarheid is dat ek nou moet saam stem. Elkeen van die babas waarmee ek tydens my praktiese gedeelte van die opleiding gewerk het , getuig hiervan! Die drie babas waarmee ek gewerk het (tydens my opleidingstydperk) se ouderdomme het heelwat verskil en elkeen se ontwikkelingsstadia was dus verskillend. Tog het ek in elkeen van hierdie babas vordering en verandering opgemerk in die verloop van die 5 week kursus.

Die een storie wat ek graag wil vertel is die van Keegan. Hy was reeds 1 jaar oud toe hy met BabaGim begin het. Hy was 3 maande oud toe hy aangeneem is en was die eerste drie maande van sy lewe in pleegsorg. Keegan het glad nie gekruip nie en het slegs ‘n poging aangewend om te seil. Mamma was glad nie hieroor bekommerd nie en het besluit hy gaan een van die dae sommer begin loop. Ek het aan haar verduidelik dat kruip ‘n baie belangrike mylpaal is en saam-saam het ek en Keegan se mamma hom aagemoedig om hierdie mylpaal te bereik. Mamma moes dit wat sy in die BabaGim klas geleer het op n daglikse basis met Keegan by die huis toepas, asook om baie plat op die mat saam met Meegan te speel. Ek kan met trots getuig dat Keegan teen Week 5 van van BabaGim begin kruip het!

p : 011 888 5434 m : 082 301 5860 f : 086 618 9038 e : institute@babygym.co.za
53 8th Street Linden, Johannesburg, 2195 . PO Box 44389 Linden, Johannesburg, 2104
www.babygym.co.za